Pretoria – 13 Mei 2012

Skriflesing: Johannes 3:13-21; 36
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 2 paragraaf 5, 6 en 7**
Teks: Johannes 3:14-15; Johannes 3:36
Sing- Ps. 89:3,7; Ps. 106:1; Ps. 96:2

In die vorige twee paragrawe van die Dordtse Leerreëls was dit duidelik, broeder en suster, dat daar net een offer nodig was. Die offer wat Christus vir ons gebring het, is genoeg. Dit is van oneindige waarde! Christus wat Homself net één maal aan die kruis geoffer het, het 'n volmaakte offer gebring; dit is die enigste offer wat daar vir ons sondes kon wees. In Christus en Hom as die Gekruisigde, kon ons met mekaar afspreek dat sy offer so groot is, groot genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. As dit sou wees dat alle mense uitverkies is en dit sou wees dat alle mense glo dan sou sy offer inderdaad vir alle mense genoeg gewees het.

Aan die offer van Christus skiet daar niks tekort nie. Paragraaf 4 van hierdie hoofstuk het hierby wou aansluit dat Christus se offer nie net genoeg is nie, maar die krag en die waarde daarvan is so belangrik. Alleen sy offer, die offer van Christus is in staat om die toorn van God oor ons sonde te dra. U mag dalk onthou dat ons by die Kategismus wou aansluit juis by Sondag 15 waar ons volgende Sondag DV. ook weer by kom.

Christus en wat Hy doen, is in staat om die **toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag te dra… So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.** Die feit dat Hy volkome mens is, maar daarmee saam is Hy volkome God. Volkome mens, want alleen die mens wat gesondig het, kon gestraf word, maar Hy is in sy mens-wees, ook volkome God. 'n Gewone mens sou nie die straf vir ons sondes kon dra nie. Alleen Een wat ook volkome God is, alleen so Één kon die toorn van God en die vloek oor ons sondes dra.

***

Wanneer ons dit mag hoor, dan is die vraag nog altyd vir wie is dit beskore? Wie mag hierdie wonderlike dinge hoor wat ons hier hardop met mekaar en voor mekaar bely. Daar is niemand wat ons hierby mag uitsluit nie. Alle volke en mense moet kan hoor dit wat ons vandag hier vir mekaar sê! Die hart van die evangelie moet na die harte van alle mense deurgegee kan word. Die hart van die evangelie is en bly, Jesus Christus en Hom as die Gekruisigde. Sy offer wat genoegsaam is, wat kragtig is, die enigste wat daar kan wees wat vir ons kon betaal.

Ons moet nie skaam nie wees, ons moet nie bang wees nie en daarmee saam ons moet bereid wees om watter mens op watte stadium ook al my pad mag kruis, hy/sy moet kan hoor - GLO JY WAARLIK IN JESUS CHRISTUS DAN SAL JY GERED WORD.

***

Die feit dat ons wel weet dat nie alle mense glo nie, dit gee vir ons geen reg om te dink dat ons die onderskeid mag en kan maak van wie is hulle wat glo en wie sal hulle wees wat nie glo nie. Ons het geen reg daartoe om so ’n onderskeid op enige wyse te maak nie.

Hierin moet ons die beskuldiging wat die Remonstrate teen ons maak duidelik as verkeerd kan bewys. Hulle beskuldig die gereformeerde mense dat die uitverkiesing en hoe ons dit bely, oorsaak is dat daar nie behoorlike sendingwerk gedoen word nie. So word ons beskuldig dat as ons sê dat God in alle geval almal gaan red wat aan Hom behoort, dan hoef daar mos nie sending te wees nie. Dan kan ons met ons sendingwerk in alle geval geen verskil maak nie, want die getal uitverkorenes is in alle geval net hulle wat sal kan glo, wat mag glo. Ons geloof in die uitverkiesing is egter geen remskoen vir sending nie. Dit mag dit nie wees nie! Die belofte van die evangelie, die belofte van ’n gekruisigde Christus maar ook ’n verhoogde Christus moet vir alle mense gesê word.

***

Daardie gebeure in die woestyn waar Moses die koperslang aan die paal opgehang het, almal wat geglo het wat Moses sê en wat dan na die slang wou kyk, die byt, die gif, die dood is van hulle weggeneem, die oomblik as hulle oë die slang paal tref. Dit op grond van hulle geloof, die geloof wat hulle hul koppe laat optel, die geloof wat hulle laat kyk het. Dit was vir hulle nie maar net ’n vae belofte, ’n kamtige vooruitsig dat as julle na die paal kyk, dan sal julle miskien niks oorkom nie! Die geloof staan voorop en staan vas, kyk in geloof wat met hulle gebeur.

Dit wat Jesus vir Nikodemus in hierdie nag hier sê, vat alles weer terug daar na die woestyn. Jesus sê vir Nikodemus en *soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar ewige lewe kan hê*. Vanweë hul sonde het God giftige slange onder sy volk gestuur wat baie gebyt het sodat hulle gesterf het. Moses moes ’n koperslang maak en dit op ’n paal sit. Dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Let daarop, nie elkeen word gered nie. Die plaag word slegs weggeneem daar waar geloof gevind word. Waar ’n mens God se woorde glo en na die koperslang kyk. Daar is redding.

So moet ook Christus verhoog word sodat elkeen wat in geloof op Hom sien, gered word. Gered van die ewige verderf. En dit is nie slegs toekomsmusiek nie, iets wat eers na hierdie lewe werklikheid sal word nie. Dit tree in werking sodra en omdat jy glo. Soos Johannes die Doper dit sê – Joh. 3:36 *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe*. Of soos Jesus Christus dit Self later sê: *Voorwaar, voorwaar ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe*… Dit is die werklikheid wat die Dordtse Leerreëls u vandag wil laat hoor- Die werklikheid vir die hier en die nou vir elkeen wat glo. Jy besit nou reeds die ewige lewe, die lewe sonder einde, die lewe in gemeenskap met die lewende God wanneer Christus geglo word. Glo in Hom en Hom as die Gekruisigde.

***

Wanneer hierdie woorde sonder aansiens des persoons vanaf die berge kan weerklink dan is die uitwerking daarvan dit wat ons belydenis ons ook by bring. Daar is baie wat hierdie woorde sal hoor wat hulle nie sal bekeer nie. Ja, geliefdes, die Woord het altyd 'n uitwerking. Daar is hulle vir wie hierdie Woord hulle tot bekering en geloof bring, maar dieselfde Woord, soos dit verkondig word, word juis die rede waarom u en ek ook die mense kry wat hulle teen die Woord verhard. Die Woord het altyd 'n uitwerking, soos ons in Jesaja ook lees, dit sal nooit leeg na God terugkeer nie (Jes. 55:11). Dit bring of versagting, bekering, omkeer, belydenis, geloof, alles vanuit die Woord , maar as dit nie bekering bring nie, bring dit verharding. Die Woord is ook bedoel om mense wat in opstand teen God is, in hulle stand en harte al harder te maak. Dit mag miskien vir ons nie logies of aanvaarbaar klink nie, maar dit gaan nie om wat ons sê nie, dit gaan om wat die Here sê –

Iets hiervan staan vir ons in Jesaja 6 as die Here hom roep to verkondiging van die Woord- *En Hy* (die HERE) *het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.*

Dit wat die Here vir Jesaja sê – dit het Petrus en Paulus kon bevestig- Petrus praat van die mooi hoor en die verkeerd hoor- maar hoor sal daar gehoor word- 1 Pet. 2:8 *Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van*

struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Paulus se woorde aan die Korinthiërs laat ons dit ruik waarteen Petrus mense hulle laat stamp- 2 Kor. 2:15- 16 *Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe.*

Die hoofsaak van paragraaf 5 is, laat hierdie woord alle mense toekom, oud, jonk, wit, swart, geel grys wat ook al, wie ook al, waar ook al, wanneer ook al, moet jy as mens nie onderskeid wil maak nie, want jy kan nie en dit kom ons as mense nie toe nie. Die een wat hier die onderskeid wil maak is een wat dink dat hy God is en bewaar die mens wat dit dink. Die klip waarteen so een hom/haar sal stamp, kan in hardheid nie beskryf word nie, die reuk wat so een uitdra, is inderdaad die reuk wat nie die lewe dra nie, 'n veroordelende doodse reuk wat beslis vir God nie aangenaam is nie. Ons op ons wagtorings wat na alle kante moet kyk, na alle kante moet praat- dit is paragraaf 5…

***

En nou sien ons broeder en suster, paragraaf 6 en 7 gee vir ons redes waarom sekere mense nie glo nie (par 6) , maar dan staan paragraaf 7 nie verleë nie. Ons kry ook die rede waarom sekere mense wel glo. As mense nie glo nie, dan gee ons belydenis nie die antwoord wat ons as mense dalk sou verwag nie. Mense wat graag sou wou antwoord, hulle is seker nie uitverkies nie, daarom sal hulle nie glo nie. Ons belydenis sê die mense wat die evangelie verwerp, hulle wat geroep is om te glo, maar hulle glo nie, dit is hulle eie skuld! Hulleself dra die skuld vir hulle ongeloof. Dit sal godslasterlik om te dink dat hierdie God se skuld is. Die mens kan God nooit van enigiets beskuldig nie. Allermins van sy eie ongeloof.

Wanneer Jesus Self duidelik maak hoe daar altyd twee groepe mense sal wees dan wys Hy op die eiesinnigheid van die mens. Die mens wat nie hulle wil bekeer nie, hulle wat nie wil luister nie, word vergelyk met kinders- so 'n geslag sê die Here- *Dit is net soos kindertjies wat op die markte sit en na hulle maats roep [17] en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie getreur nie. [18] Want Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: Hy het 'n duiwel. [19] Die Seun van die mens het gekom -- Hy eet en drink, en hulle sê: Dáár is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars.*

Die een wat vóór God die begrafnis-speletjie wil speel- Matt. 11:17- *ons het vir julle 'n klaaglied gesing en julle het nie getreur nie…* Die ander speel die bruilof-spel – *ons het vir julle op die fluit gespeel en julle het nie gedans nie…* So het hulle met Johannes die Doper en met Christus gemaak. Van watter kant af die prediking ook al kom, daar is nie bekering nie, maar die verkondigers van God se Woord word of as 'n begrafnis-man of as 'n huwelik man, 'n vraat, 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars afgemaak. Wie se skuld is dit? Beslis nie Johannes se skuld nie, nog minder Jesus se skuld. Beide Johannes, Jesus word geëtiketteer, maar dit is nie regverdig nie. Dit wat die Here dan na hierdie gedeelte sê is waar ons tot stilstand geruk moet word. *Die wysheid is geregverdig deur sy kinders…* Kinders wat in wysheid wil handel moet dink wat hulle doen. Dit sal nie regverdig wees om in jou eie domheid en astrantheid vir God die skuld te wil gee nie.

Daar is baie wat hulle rug op Jesus gedraai het, terwyl Hy nog op aarde was. Jesus het selfs vir sy dissipels gevra of hulle nie ook maar wil loop nie. Dit wat God gedoen het, is volkome genoeg maar jy kry die mens wat nie wil glo nie. Moet op geen manier vir God die skuld vir hulle wil gee nie. Johannes 8:24 bring dit nog nader - Jesus sê vir die mens : *Julle is van benede, Ek is van bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie. Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe.* As ons mooi kyk dan is dit asof die Dordtse Leerreëls elke keer net weer wil bevestig dat die rykdom, die genoegsaamheid, die krag van die offer van Christus kan nie onder verdenking wees nie. Dit moet ons goed weet. Die werk van Christus is van oneindige waarde!

***

Paragraaf 7 is die ander kant van paragraaf 6, maar weereens verrassend anders as wat ons dink dit moet wees. Die mens se ondergang, wanneer die mens in die ewige verderf verlore gaan, dan is dit die mens se skuld. God is geen mens se slagoffer nie. Geen mens kan sê God het my nie uitverkies nie, daarom het ek nie geglo nie, al wou ek ook hoe graag glo. As jy graag wil glo, dan sal jy glo, dan is jy reeds in die proses van om te glo is om gered te wees.

Paragraaf 6 het ons gestel as mense nie glo nie, dan is dit hulle eie skuld. Paragraaf 7 sluit ons vandag mee af. Die universele boodskap wat tot alle mense moet kom (paragraaf 5), nie alle mense glo nie (paragraaf 6), maar u en ek wat vandag hier is, ons wat glo… wat maak dat ons glo. Dit is nie ons wat iets bereik het nie. Dit is God wat in ons iets bereik het. Die feit dat daar mense is wat hulle bekeer en glo. Dit is genade! Net genade! Uit myself sou ek

nie geglo het nie. Ek sou vir die duisternis gekies het. Maar nou het God in genade ingegryp in my lewe. My onwilligheid in gewilligheid verander. My ongehoorsaamheid in gehoorsaamheid verander. Wie wil roem, laat hy in die Here roem.

AMEN